**MAANDAG 2 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: JOHANNES 1:35-42**
**FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 1:37, 42(a)**

## Andreas, die dapper dissipelmakende dissipel

Jesus is die Lam van God. Jy word groot met hierdie wete en jy gaan deur die lewe met hierdie wete: Jesus is die Een wat deur God gestuur is om sondaars met Homself te versoen. Hy lê sy lewe af sodat jy die lewe in oorvloed kan ontvang. Hy verwerf met sy dood vir jou die lewendmakende Gees deur Wie se werking jy die lewe en al die kosbare skatte van God se koninkryk toe-eien. Tragies soos wat dit is, is dít waar dit vir baie gelowiges stop. Hulle hoor van Jesus.

Dit mag nie daar stop nie. Geesvervulde gelowiges wat van Jesus en sy verlossingswerk gehoor het, volg Hom. Hulle kan nie anders nie. Andreas en sy mededissipel is nie meelopers en nalopers uit nuuskierigheid of vir eie gewin nie. Wanneer Jesus vir hulle vra waarna hulle soek, verbind hulle hulself tot ’n leefstyl van volgeling-wees. Wanneer hulle vir Jesus vra waar Hy tuisgaan, gee hulle daarmee te kenne dat hulle van voorneme is om in woord en daad Jesus te volg.

In hulle harte is daar die vaste sekerheid dat Jesus die langverwagte Messias is in Wie God se genade die donkerte van ons gebroke lewens deurbreek. Andreas kan hierdie goeie nuus nie vir homself hou nie. Hy verkondig dit aan sy broer … maar hy laat dit vir Simon Petrus nie by hoor bly nie. Sy broer mag nie maar net daarvan kennis neem nie. Hy bring vir Petrus na Jesus toe.

Om van Jesus te hoor, is nie genoeg nie. As ’n Geesvervulde gelowige wat in Jesus se verlossingswerk as God se Gesalfde gló, het jy ’n dubbele verantwoordelikheid: volg Hom nougeset en verkondig Hom in hierdie lewe van gebrokenheid as die Messias aan ander en bring hulle na Jesus toe (lei hulle om in gemeenskap met die Here te leef).

Dit gaan opoffering vra. Dit gaan van jou vra om ’n verhouding met só ’n persoon te bou. Só sal jy, wat in Jesus as Messias glo, ’n dissipelmakende dissipel wees. Jy kan nie anders nie.

*Sing: Skrifberyming 18-2:1, 2, 4 (melodie van SB 9-4)*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*